



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

HEG BETEKENISWAARDE AAN TEKS

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees die onderstaande koerantartikel deur en beantwoord daarna die vrae wat daarop volg.

DENIM-reëls

*Men's Health se moderedakteur, Neil Doveton,
vertel hoekom 'n mens altyd kan staatmaak
op jou gunsteling denims.*


Jou denims kan orals saam met jou gaan, of jy dit formeel met 'n fluweelbaadjie wil kombineer, of informeel by jou gunsteling-hemp wil dra; jy is elke keer in die kol. Denims gaan nooit uit die mode nie.

Hier is 'n paar redes hoekom jy nooit te veel denims in jou kas kan hê nie:

- Daar is geen reëls wanneer dit by denims kom nie. Jy kan jou voorkoms afwissel deur jou baadjie vir 'n sweetpaktop of 'n ander hemp te verruil en so by elke geleentheid in die modekol wees.
- Denims is die gewildste broeke wêreldwyd en meer as 40 miljoen paar word jaarliks verkoop.
- Mans én vroue lyk goed in denims. Mans dink vroue lyk sexy en vroue sal gou erken dat dit 'n man se agterstewe beklemtoon.
- Jy hoef nie jou denims te stryk nie – dit is 'n item wat nie veel onderhoud nodig het nie. Was net jou denim, hang dit op en trek dit aan.
- Denims raak nooit uit die mode nie – moet nooit 'n denim uitgooi nie. Dit is een mode-item waarvan elke snit telkens sal herleef, of dit nou 'n stywepyp-, stewelpyp- of uitgewaste denim is.
- Daar is 'n nommerpas skakering vir elke persoon. Donker-indigo is op die oomblik die witwarm kleur.

- Denims is in al hoe meer style beskikbaar. Stywepyp-denims is hierdie seisoen hoogmode. Selfs al dink jy dat dit nie die voorkoms vir jou is nie, gaan pas minstens 'n paar aan - jy mag dalk net aangenaam verras wees met die resultaat.
- Jy kan nooit te veel denims in jou kas hê nie. Elke denim lyk anders as gevolg van unieke besonderhede, die snit en materiaal.

[Verwerk uit *Beeld: StylPlus*, 24 April 2007]




- 1.1 Wat kan 'n mens saam met 'n denimbroek dra as jy deftig wil lyk? (1)
- 1.2 Wat kan 'n mens in die winter saam met 'n denimbroek dra om lekker warm te kry? (1)
- 1.3 Verduidelik in jou eie woorde waarom 'n mens kan sê dat denims nooit uit die mode sal gaan nie. (2)
- 1.4 Waarom behoort 'n man met lelike boude eerder nie denims te dra nie? (1)
- 1.5 Verduidelik waarom denims die ideale klere is om op 'n oorsese vakansie saam te neem. (1)
- 1.6 'Dit is een mode-item waarvan elke snit telkens sal herleef.'
 - 1.6.1 Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie woorde bedoel word. (1)
 - 1.6.2 Kyk na die aanhaling hierbo. Tot watter gevolgtrekking kom jy oor die ou denims in jou kas? (1)
- 1.7 'Donker-indigo is op die oomblik die witwarm kleur.' Verduidelik die betekenis van die woord 'witwarm'. (1)
- 1.8 Wat sal jy voorstel wanneer iemand vir jou sê dat sy nie dink denims is vir haar bedoel nie? Kry 'n goeie antwoord uit die leesstuk. (1)

[10]

VRAAG 2

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

UIT DIE MOND VAN 'N ERVARE LEERMEESTER



- 1 'Ek het oor die jare al vreeslike dinge op die pad ervaar,' vertel Fred Jacobs. Wat hom die meeste irriteer, is die manier waarop ander motorryers hóm aankyk! Só asof dit sý skuld is wanneer sy leerders sommer voor 'n ander motor indraai. Die vloekwoorde en die tekens wat darem al vir hóm gewys is ... ! 'Het hulle dan nie óók leer bestuur nie'? vra Fred kwaad.
- 2 So gepraat van leer bestuur. Sê jy: 'Links!' draai hulle regs. Sê jy 'Regs!' draai hulle links. 'n Mens raak ook gewoon daaraan dat 'n leerder skielik stop vir enige streep. Nou die dag het so 'n oulike dogter rem getrap waar daar nie eens 'n streep geverf was nie! Die pad was net duidelik donkerder waar die ou en die nuwe teer bymekaar kom. Mense wat net begin bestuur en 'n sirkel nader, raak ook dikwels senuweeagtig. Hulle begin om die sirkel ry, maar is dan te bang om die stuurwiel weer reguit te draai. Dan ry hulle óm en óm die sirkel met oë wat al wyer rek.
- 3 Terug in die 'kamp' – die bestuurskool se mini-toetsterrein – gebeur daar ook vreemde dinge! 'Soos die matriekseun wat teen die opdraende moes stilhou. Hy't mooi stilgehou en die handrem opgetrek. Goeie beheer. Die motor het nie agteruit beweeg nie. Ek sê jou – nie een sentimeter vorentoe of agtertoe nie. Hy het ook mooi links en regs gekyk vir aankomende verkeer en trek toe met 'n stink spoed weg. In trurat!' sê Fred terwyl hy net sy kop skud. Wanneer 'n leerder 'n rooi verkeerslig nader, kom die ou-ou vraag: 'Moet ek stop?' Of as dit groen is: 'Kan ek maar ry?'
- 4 'Party mense leer vinnig, party stadig en ander leer nooit nie,' sê Fred. Elke les met Fred duur 'n uur en party mense kan na amper agt uur 'n lisensietoets slaag. Ander kom vir omtrent tien, twintig lesse en dan dop hulle nog steeds! Dis ook nie net jongmense wat kom vir lesse nie. 'n 67-jarige dame moes leer bestuur nadat haar man gesterf het. Sy was 'n vinnige leerder. Dan het hy ook 'n doofstom persoon en 'n Chinees wat glad nie Engels verstaan nie, geleer bestuur. Hoe? 'Met gebaretaal,' antwoord Fred.

[Verwerk uit *Rapport Tydskrif*: 22 Junie 1997]

- 2.1 'Ek het oor die jare al vreeslike dinge op die pad ervaar.' Watter enkele woord iewers in die teks sê dat Fred al **baie jare lank** mense leer hoe om te bestuur? (1)
- 2.2 2.2.1 Waarom, dink jy, kyk die ander motorryers Fred so kwaai aan wanneer sy leerders voor hulle indraai? (1)
- 2.2.2 Waarom, dink Fred, behoort hulle nie só op te tree nie? (1)

- 2.3 Kyk na die vreemde dinge in paragraaf 2 wat sekere leerders van Fred soms doen. (1)
Hoekom, dink jy, tree hulle so vreemd op?
- 2.4 Beskryf in jou eie woorde waarvoor die 'kamp' gebruik word. (1)
- 2.5 Die matriekseun (paragraaf 3) het baie goed begin. (1)
- 2.5.1 Wat is die enigste ding wat hy verkeerd gedoen het? (1)
- 2.5.2 Watter twee opeenvolgende woorde sê dat hy dit baie vinnig gedoen het? (1)
- 2.6 Hoekom is die 'ou-ou' vrae wat leerders vra, sulke dom vrae? (1)
- 2.7 Haal paslike woorde aan om die volgende stelling te bewys: (1)
Nie alle leerders kry hul bestuurderslisensies nie.
- 2.8 Watter bewys is daar in die leesstuk dat Fred 'n baie geduldige leermeester moet wees? (1)
- [10]

VRAAG 3

Spotprent

Kyk na die volgende spotprent en beantwoord dan die vrae wat gestel is.



[Uit: Beeld, 1 Junie 2007]

Dit gaan dalk binnekort teen die wet wees vir ouers om hul kinders te slaan en kinders sal hul ouers hof toe kan neem vir kindermishandeling. Kinders kan dan hul ouers rapporteer en ouers sal 'n swaar boete moet betaal of hulle kan selfs in die tronk beland as hulle skuldig bevind word – sonder die keuse van 'n boete!

- 3.1 Waar, dink jy, is die mense op die prentjie? Kies jou antwoord uit die volgende en skryf slegs die letter neer:
- A in die hof
 - B in die klaskamer
 - C by 'n polisiestasie
- (1)
- 3.2 Wat doen Bart Simpson skynbaar in sy vrye tyd? (1)
- 3.3 Kyk na die seuns se gesigsuitdrukkings en lyftaal in die spotprent. Wat sê dit vir jou? (1)
- 3.4 Hoekom, dink jy, lyk die polisiemanne so verbaas en verskrik? (1)
- 3.5 Hoe voel die muis oor die seuns se teenwoordigheid? (1)
- 3.6 Hoekom, dink jy, is die een seun (tweede van links, voor) besig om sy broek af te trek? (1)
- 3.7 Die een man hou die gehoorstuk van die telefoon in sy hand vas. Waarom, dink jy, hou hy nie die gehoorstuk teen sy oor nie? (1)
- 3.8 Skynbaar het die een seun sonder sy pa se toestemming met die motor probeer ry.
- 3.8.1 Wat het toe gebeur? (1)
- 3.8.2 Wat sou jy gedoen het as jy die kind se pa was? (2)

[10]

30 punte

AFDELING B

OPSOMMING

VRAAG 4

Lees die volgende teks goed deur en som dit dan op volgens die instruksies:

- Som die inhoud van hierdie artikel **chronologies** in sewe sinne op.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming moet 100 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming neer.
- Skryf jou opsomming sover moontlik in jou eie woorde.
- Moenie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf volsinne.

Ouma loop 64 jaar met koeël in kop

Hoofpyn – en toe kom die skok

'n Ouma van China wat met 'n hoofpyn hospitaal toe is, het gehoor dat sy die afgelope 64 jaar met 'n koeël in haar kop rondgehoop het.

Mev. Jin Guangying (77) van die dorpie Shuyang in die Jiangsu-provinsie in China het volgens 'n berig op <www.ananova.com> na die Shuyang Leniency-hospitaal vir 'n x-stralfoto gegaan toe dié ontdekking gedoen is.

'Ons was uiters verbaas om te hoor dat sy al só lank met 'n koeël in haar kop rondloop,' het mnr. Wang Zhengbang, Guangying se seun, aan die *Yangtse Evening Post* gesê.

Guangying onthou dat sy in 1943 tydens die Tweede Wêreldoorlog deur die invallende Japannese soldate geskiet is terwyl sy voorrade vir haar pa, wat 'n guerrilla-vegter was, aangedra het.

'Ek was 13 jaar oud en het langs die spoorlyn in die stad Xuzhou gebly. Een middag in September het my ma my gevra om vir my pa en sy kollegas, wat teen die Japannese geveg het, aandete te vat,' het sy gesê.

'Die Japannese soldate het my raakgesien, my gevolg en begin skiet. 'n Koeël het deur die hoek van my regteroor gegaan en ek het my bewussyn verloor.'

Toe Guangying bygekom het, was sy reeds terug by die huis in haar bed. Haar ma het haar wond met kruie behandel en sy het 'wonderbaarlik' na slegs drie maande herstel.

Guangying het later gehoor dat die koeël wat haar getref het eers deur die arm van 'n persoon langs haar gegaan het voordat dit haar in die kop getref het.

Die chirurg wat die geroeste koeël verwyder het, was baie verbaas dat dit só lank in haar kop was sonder om ernstige probleme te veroorsaak.

'Die feit dat die koeël krag en spoed verloor het toe dit die eerste persoon se arm deurboor het, en dat die deel van haar brein wat getref is nie so kritiek belangrik is nie, kan moontlik verklaar hoe sy oorleef het,' het hy gesê.

[Verwerk uit: *Beeld*, 15 Maart 2007]

10 punte


AFDELING C POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

FOTO VAN MAN WAT VAL – Joan Hambidge (Gedig 1)

- 1 Bo hemel en aarde
2 vertikaal
3 hang hy gekruisig deur 'n fotograaf
- 4 die man:
- 5 Eers 'n naamlose uitroepteken
6 op die oordeelsdag
7 toe hy vlug
8 van die swael en vuur
9 weg
10 weg
11 na 'n bestaan buite tyd
12 (en pyn).
- 13 Vele vraagtekens volg:
14 wie was hierdie man?
- 15 Die misterie verbreek:
16 Ons verneem hy was ene Norberto Hernandez
17 van Puerto Rico. Dit was sy laaste
18 werksdag as bakker
19 en skinker van die lewe.
- 20 Maar eintlik was hy 'n engel
21 wat tydens hierdie Armageddon
22 die ondraaglike breekbaarheid van lewe
23 oorwin.



ONVOORBEREIDE GEDIG

UKHOZI – Lucas Malan (*Gedig 2*)

Johannesburg, 4 Augustus 1975

Dié foto van Amos Goyele was op 4 Augustus 1975 op die voorblad van *Beeld*. Volgens die berig het 'n skare van sowat tweeduisend mense hom met hulle dreunsang aangemoedig om van die gebou af te spring.

- 1 'n Man het vandag
2 van 'n woonstelgebou –
- 3 Beeld rapporteer die geval
4 van die wanhoop wat stort
5 by wat enkele maande daarna
6 foto van die jaar sou word –
- 7 'n Man het vandag
8 soos 'n dassie gewag
9 op die krans; imbila
10 was hy wat daar sit
11 en wag op die klip –
- 12 'n Man het vandag
13 van 'n woonstelgebou -
- 14 Amos Goyele het vandag
15 sewe verdiepings hoog
16 soos 'n das op sy krans gewag –
- 17 'n Man het vandag
18 van 'n woonstelgebou
19 sewe jaar lank
20 na sy aarde gestort;
- 21 'n Wakker fotograaf
22 het dit vasgevang:
23 die mens wat eindeloos
24 gekruisig teen
25 die lug bly hang.



(Uittreksels uit die gedig)

Woordeskat

- | | |
|------------------|-----------------------------|
| * <i>Ukhozi</i> | <i>arend (eagle)</i> |
| * <i>wanhoop</i> | <i>despair</i> |
| * <i>krans</i> | <i>cliff</i> |
| * <i>imbila</i> | <i>dassie (rock rabbit)</i> |

- 5.1 In albei hierdie gedigte lees ons dat die fotografe die slagoffer 'gekreusig' het.
- 5.1.1 Sê in jou **eie woorde** wat die digters met hierdie woorde bedoel. (1)
- 5.1.2 Kyk weer na die foto's by albei gedigte. Wat is die grootste **verskil** tussen die twee fotos? (1)
- 5.1.3 Kyk na die uitdrukking op Amos Goyele se gesig. Gee nou 'n enkele woord uit die gedig wat hierdie uitdrukking die beste sal beskryf. (1)
- 5.1.4 Die laaste strofe van gedig 2 impliseer dat die foto by hierdie gedig nie die enigste foto is wat die 'wakker fotograaf' daardie dag geneem het nie. Verduidelik. (1)
- 5.2 Die foto van die man wat uit die World Trade Centre gespring het, is seker een van die bekendste foto's wat op 11 September 2001 geneem is. Hoe weet die leser dat die foto van gedig 2 ook baie bekend geword het? (1)
- 5.3 Albei die mans in die twee gedigte word met sekere dinge vergelyk.
- 5.3.1 Noem twee dinge waarmee Norberto Hernandez vergelyk word. (2)
- 5.3.2 Verduidelik **een** van hierdie vergelykings in jou **eie woorde**. (1)
- 5.3.3 Noem twee dinge waarmee Amos Goyele vergelyk word. (2)
- 5.3.4 Verduidelik **een** van hierdie vergelykings in jou **eie woorde**. (1)
- 5.4 Die man in gedig 1 het **(ge)vlug van die swael en vuur** (die brandende gebou) toe hy gespring het. Waarom, dink jy, het die man in gedig 2 gespring? (1)
- 5.5 Verduidelik waarom die woorde 'weg ...weg' in gedig 1 onder mekaar geskryf word. (1)
- 5.6 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit gedig 1 aan. (1)
- 5.7 Die gebeure in gedig 1 het in New York, Amerika, afgespeel.
- 5.7.1 Waar het die gebeure in gedig 2 waarskynlik afgespeel? (1)
- 5.7.2 Gee 'n bewys vir jou antwoord. (1)
- 5.8 In gedig 1 lees ons in reël 6 van die **oordeelsdag**. Wat word hierdie oordeelsdag later in die gedig genoem? Haal slegs **een woord** as antwoord aan. (1)
- 5.9 Verduidelik in jou **eie woorde** wat die verskil tussen die **geboue** was waaruit die twee mans gespring het. (2)
- 5.10 Ons lees in gedig 1 van die **ondraaglike breekbaarheid** van die lewe. Wat, dink jy, het Amos Goyele se lewe selfs nog ondraagliker gemaak terwyl hy bo-op die woonstelgebou gesit het? (1)

[20]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

SKAATSER – Lucia Wels

1 Elke nag gly sy gewigloos oor die ys,
2 alleen in die silwerige stilte
3 van 'n Olimpiese skaatsbaan,
4 haar jong, sonbruin bene sekuur
5 onder die verspotte kort rokkie
6 wat waai en opwip soos sy skaats.

7 Elke keer as die reling naderkom
8 swenk sy moeiteloos weg
9 na die verste punt van die reuse-baan
10 in die koel mis wat oor alles hang.

11 Sy skryf groot esse, dans en sweef
12 om die wonder van gewigloosheid
13 en die heerlikheid van amper-vlieg
14 in elke spier en sintuig
15 van haar jong lyf te geniet.

16 Dan val die eerste strale van die son
17 deur 'n skreef in die gordyn oor haar.
18 Sy roer ... en voel die swaartekrag
19 van haar middeljare
20 as sy haar bene van die bed af swaai.



- 6.1 Die nag word gewoonlik met iets negatiefs geassosieer. Waarom kan 'n mens sê dat die nag 'n positiewe betekenis in hierdie gedig het? (1)
- 6.2 Watter twee opeenvolgende woorde **suggereer** dat die skaatser 'n baie suksesvolle sportvrou is/ was? (1)
- 6.3 Waarom, dink jy, is die skaatser se rokkie so 'verspot' kort? Verduidelik **in jou eie woorde**. (1)
- 6.4 Haal die versreël aan wat bewys dat die skaatser die hele ysskaatsbaan benut gedurende haar roetine. (1)
- 6.5 '**Sy skryf groot esse**.' Sê in jou eie woorde watter twee **beelde** / **gedagtes** hierdie woorde by jou as leser oproep. (2)
- 6.6 In strofe 1 lees ons dat die skaatser '**gewigloos oor die ys ... gly**'. Kyk nou na strofe 3. Watter progressie het skynbaar vanaf strofes 1 tot 3 plaasgevind? (1)
- 6.7 Watter **enkele woord** dui 'n wending in die gedig aan? (1)
- 6.8 Watter woord in die slotstrofe **kontrasteer** met die woord '**gewigloos**' in strofe 1? (1)
- 6.9 In strofe 3 lees ons: '**en die heerlikheid ... in elke spier ... van haar jong lyf te geniet**'. Waarvan is die skaatser egter in strofe 4 bewus? Sê in **jou eie woorde**. (1)

[10]

30 punte

AFDELING D

KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 7

Sinstrukture

Bestudeer die volgende advertensie. Kyk dan na die sinne wat oor die advertensie handel. Skryf dan die daaropvolgende sinne oor soos aangedui. Skryf die hele sin in jou antwoordboek oor.



There's more to life.

Volkswagen's new compact sports utility vehicle is designed to get you out of your rut and into a world of adventure. The Tiguan is a refreshing mix of slick city styling and rugged off-road functionality. In a Tiguan you can't help but feel the urge to do more, explore more and get your life back.

Introducing the Tiguan.


Das Auto.

[Uit: CAR, Junie 2008]

1. Blake staan elke oggend vroeg op en borsel sy tande.
2. Dis nog donker wanneer hy in die spitsverkeer werk toe ry.
3. Hy skakel sy rekenaar aan en maak hom gereed om met sy werk te begin.
4. Tussen sy tweede en derde koppie koffie eet hy skyfies en besoek die toilet.
5. Na Blake se derde koppie koffie het hy 'n belangrike voorlegging. Die mense lyk baie tevrede daarmee.
6. Hy gaan gou weer toilet toe en vra vir sy sekretaresse: 'Sal jy asseblief vir my nog 'n koppie koffie maak?'
7. Blake speel gedurende etenstyd 'n potjie minigholf om hom te laat ontspan.
8. Sy baas loop in en lyk glad nie gelukkig oor Blake se ontspanning nie.
9. Blake skuif gou agter sy lessenaar in en begin sy volgende voorlegging beplan.
10. Net na vyf is hy weer in spitsverkeer op pad huis toe.
11. Blake spring tussen die kanale op DSTV rond.
12. Hy borsel sy tande net voordat hy in die bed gaan inkruip.

- 7.1 Blake staan elke oggend vroeg op en borsel sy tande.
In die verlede ... (1)
- 7.2 Dis nog donker wanneer hy in die spitsverkeer werk toe ry.
Wanneer hy ... (1)
- 7.3 Hy skakel sy rekenaar aan en maak hom gereed om met sy werk te begin.
Later vanoggend ... (1)
- 7.4 Tussen sy tweede en derde koppie koffie eet hy skyfies en besoek die toilet.
Tussen sy tweede en derde koppie koffie eet hy skyfies en hy behoort ... (1)
- 7.5 Na Blake se derde koppie koffie het hy 'n belangrike voorlegging. Die mense lyk baie
tevrede daarmee.
Na Blake se derde koppie koffie het hy 'n belangrike voorlegging waarmee ... (1)
- 7.6 Hy gaan gou weer toilet toe en vra vir sy sekretaresse: 'Sal jy asseblief vir my nog 'n
koppie koffie maak?'
Hy gaan gou weer toilet toe en vra sy sekretaresse beleefd of ... (1)
- 7.7 Blake speel gedurende etenstyd 'n potjie minigholf om hom te laat ontspan.
Blake speel gedurende etenstyd 'n potjie minigholf sodat ... (1)
- 7.8 Het Blake se baas al by sy kantoor ingeloop sonder om te klop?
Nee, ... (1)
- 7.9 Blake skuif gou agter sy lessenaar in en begin sy volgende voorlegging beplan.
Voordat ... (1)
- 7.10 Die spitsverkeer is baie druk. Blake is in die spitsverkeer op pad huis toe.
Die spitsverkeer waarin ... (1)
- 7.11 Blake skakel onmiddellik die televisiestel aan om tussen die kanale rond te spring.
Die televisiestel ... (1)
- 7.12 Hy borsel sy tande voordat hy bed toe gaan.
Nadat ... (1)

[12]

VRAAG 8

Woordstrukture

Lees die volgende paragraaf wat ook op die **Volkswagen Tiguan**-advertensie gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf dan **net die nommer en die korrekte antwoord** neer.

Blake van Wyk is 'n **8.1 (hardwerkend** – korrekte vorm van woord) jongman **8.2 (wat/wie** – kies die korrekte woord) stadig besig is om teen die korporatiewe leer uit te klim. Hy staan **8.3 (elke oggend** – een woord) vroeg op terwyl dit nog donker is. In sy woonstelblok ry hy met die hysbak af na sy **8.4 (parkeer** – korrekte vorm van woord) Volkswagen in die **8.5 (garage** – gee 'n sinoniem). Sy **8.6 (buurman en buurvrou** – gee een woord) groet hom altyd baie vriendelik.

By die garage is daar 'n **8.7 (sekuriteit + wag** – een woord) wat toesien dat die motors nie **8.8 (hijacked** – gee die Afrikaans) word nie. Daarna ry Blake op al die besigste **8.9 (pad** – meervoud) na sy kantoor in Rosebank toe. **8.10 (Soms** – gee 'n sinoniem) word hy **8.11 (baie kwaad** – intensiewe vorm) vir al die **8.12 (taxi** – meervoud) wat net eenvoudig voor hom stilhou. **8.13 (M.b.v.** – skryf voluit) sy Garmen soek hy altyd na die kortste roete, maar elke keer beland hy in die **8.14 (erg** – gee die oortreffende trap) verkeer op aarde! Teen die tyd dat hy by die kantoor aankom, is sy **8.15 (klere/ kleure)** baie gekreukel.

Blake drink 'n klein **8.16 (pil** – verkleiningsvorm) om hom te **8.17 (kalm** – korrekte vorm) en dan begin hy met sy vele dagtake. Sy **8.18 (sekretaresse** – gee die teenoorgestelde geslag) maak vir hom 'n lekker koppie koffie. Blake se meisie het hom 'n maand gelede afgesê, daarom sukkel hy nog steeds met 'n **8.19 (breek** – korrekte vorm) hart. Teen **8.20 (5.30** – skryf in woorde) is hy weer op pad huis toe om alleen voor die TV te gaan sit.

[20÷2=10]

VRAAG 9

Kommunikasie-situasies

- 9.1 Jy was die bestuurder van die motor in die onderste prentjie. Dit is jou vriend se motor wat jy geleen het. Jy skakel jou vriend op sy selfoon en vertel hom wat gebeur het. **Verduidelik** wat gebeur het en **vra om verskoning**. Jy moet ook sê **wat jy nou gaan doen**. (maksimum 30 woorde)



(4)

- 9.2 Bestudeer die onderstaande spotprent. Kyk na die bruidegom en die bruid se reaksies. Skryf nou **die woorde van die predikant** neer wat gelei het tot hulle **albei se gesigsuitdrukings**. (maksimum 30 woorde)



(4)
[8]

30 punte

TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE